
**5.6.005** **Kerkplein** [Erfnommers 323 en 324 ná 1865]

Die eerste kerk op Kerkplein



[1] [2] [3] [4]

1. Moontlik die besigheid van Albert Brodrick
2. Onbekende gebou
3. The Hole-in-the-Wall
4. Eerste kerk op Kerkplein

Die eerste kerk op Kerkplein is tussen 1854 en 1857 gebou, en was ‘n eenvoudige saaltipe gebou met dik mure en ‘n grasdak. Die langwerpige gebou het in ‘n oos-wes rigting gelê, d.w.s. in lyn met Kerkstraat. Daar was sitplek vir 700-800 mense. Dit is gebou deur William Skinner en die Devereux-broers. Op een van die gewels was die voorletters van die bouers: DD en S met die jaartal 1855 daaronder. Daar bestaan ‘n hele paar foto’s van die ou kerk, maar op nie een van die foto’s kon ek die bouers se voorletters sien nie. Reeds met die inwyding deur ds. Van der Hoff in Februarie 1857 was die kerk te klein, en sommige mense het selfs op die balke gesit.

In 1867 [Eng-05, p. 28] is die kerkgebou vergroot deur die aanbou van ‘n konsistorie [aan die noordekant] en nog ‘n vleuel [aan die suidekant]. Die kerkgebou is in September 1882 eers ernstig deur ‘n storm beskadig, en nog dieselfde maand deur ‘n verwoestende brand, wat op raaiselagtige wyse ontstaan het, verder in puin gelê. Slegs die trap van die preekstoel en een nagmaalstafel kon gered word. Verskillende mense het hierdie raaiselagtige brand gesien as ‘n oordeel van God omdat Shepstone in 1877 in die Kerkgebou ingesweer is. [Daar was ook na Shepstone verwys as die “duiwel se slypsteen”.]

Op hierdie foto sien ons die kerk is klaar vergroot en die konsistorie is aan die noordekant aangebou. Die verf lyk nog nuut, so dit is seker nie lank na 1867 geneem nie.

Daar bestaan min inligting oor die drie geboue links op die foto. Erf nommer 323 [noord-oostelike hoek van Kerkplein] is in 1864 deur B.G.A. Arnoldi in twee dele verdeel, nl. ‘n noordelike en ‘n suidelike helfte [Rex-03, p. 249], en hy het die suidelike deel van die erf oorgedra op die naam van Albert Brodrick. Brodrick se woonhuis en sy eerste winkel was heel moontlik daar gebou – dit is die geboutjie heel links op die foto. In Mei 1865 het Albert Brodrick en Hendrik Vermeulen ‘n ruiltransaksie aangegaan en erf nommer 324 het in Brodrick se besit gekom. Dit is die hoekerf waar hy later sy besigheid en die bekende kroeg The Hole-in-the Wall bedryf het [Rex-3, p. 250]. Op hierdie goed-geleë perseel het Brodrick vanaf 1865 sy besigheid voortgesit totdat hy The Hole-in-the-Wall mettertyd aan iemand anders oorgemaak het, en hom van toe af meer begin toelê het op ander bedrywighede, soos grondspekulasie, mynbedrywighede en agentskapwerk.

Nadat Brodrick sy eerste winkel en woonhuis in 1865 ontruim en oorgetrek het na die hoekerf, het die “geweze woonhuis van Brodrick” vanaf Maart 1865 vir twee jaar die goewermentsgebou van die Z.A.R. geword. Hierdie gebou het al die goewermentskantore gehuisves totdat die Eerste Ou Goewermentsgebou in 1867 voltooi is [Rex Pr-18, p. 4].

<u>Bronne</u>


Dun-01 Dunston, L. 1975. **Young Pretoria 1889-1913.** Pretoria: Lola Dunston. [foto p. 15]

Eng-01 Engelbrecht, S.P. 1952. **Eeufees-Album: Pretoria se eerste eeu in beeld.** Pretoria: J.L. van Schaik. [foto p. 17]

Eng-05 Engelbrecht, S.P. 1954. **Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria 1855-1955**. Ongepubliseerde werk, Nederduits Hervormde Kerkargiewe.

Pr-018 Rex, H.M. 1955. **Albert Brodrick: Winkelier en digter van ou-Pretoria**. Pretoriana, Nommer 18, Desember.

Rex-03 Rex, H.M. 1956. **Die geskiedenis van die eerste ou goewermentsgebou en sy voorlopers in Pretoria.** M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.


Rosa Swanepoel Versameling [Foto Kp6-001]